

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
17 September 1978

Onderwerp: Waar is God?
Lees: Jesaja 57 verse 14 tot 21
Teks: Jesaja 57 vers 15
Sing: Psalm 25 vers 2
Gesang 52 vers 1

“Waar is God?

“Wat het van Hom geword?

“Dit maak ’n mens soms bekommerd as jy oor dié vraag begin nadink.

“Die Psalmdigter kla: ‘My siel dors na God ... My trane is my spys dag en nag, omdat hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God?’ (Ps 42:3,4)

“En Job het gesê: ‘Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind’. (Job 23:3)

“Leonov, die eerste mens om buitekant ’n ruimtetuig in die onmeetlike ruimte te sweef, het gesê: hy kon die hele ruimte in kyk, maar het God nêrens gesien nie. En sy Premier het dit bevestig.

“Maar dit is niks nuuts nie. Dawid het baie jare vantevore reeds gesê: ‘Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie.’ (Ps 14:1)

“Hulle het nou net méér brutaal geword en sê dit nie net in die hart nie, maar vir die wêreld.

“Göethe¹ het gesê dat God Homself prysgegee het in die mens Jesus Christus. Die tese is opgevang in die antitese en nou wag ons om te sien wat van die Here geword het.

“En naderhand begin die mens wonder. Nou waar is Hy dan? Is Hy bo, of onder, of daarbuite - soos sommige spitsvondige teoloë hulle God in die ruimte-eeu wegsteek?

“Broers en Susters, dit is presies wat ons doen as ons vra: Waar is God? Ons wil weet waar Hy is, sodat ons uit sy pad kan bly. Of as ’n kerk Hom in die Hemel lokaliseer, is hy besig om God in die Hemel op te sluit en van die wêreld af te sluit. Want God is nie daar bo, óf onder, óf buite nie.

“As die profeet van God gevra word: Waar is God? Wat het van Hom geword? Dan antwoord hy: God ‘woon in die hoogte’. (Jes 57:15)

¹ Ds. Bester se skrif is nie duidelik hier nie, was dit moontlik Hegel?

“Dit is korrek. Maar dit is nie ’n hoogte wat in meters gemeet kan word nie. Dit is ’n gekwalifiseerde, ’n paradoksale hoogte. God woon in die hoogte van die diepte.

“Hoogte en diepte?

“Dit is woorde wat ons ken, maar woorde wat hier gebruik word om ’n ander dimensie as dié van lengte, breedte en diepte te beskryf. Dit is geestelike kwaliteite.

“Dit gaan hier om waar God gevind kan word. Dit gaan oor die diepte van verootmoediging [om jousef in nederigheid voor God te stel].

“God is hier! Oral waar ons is. En in die verootmoedigde mens, in die mens wat die hoogte van God ervaar en sy eie diepte besef, word God sigbaar.

“Ja, God is onsigbaar. Maar Hy maak Homself sigbaar in die mens en deur die mens.

“Maar om daar te kom, beteken om eers by Golgota verby te kom. [Jesus Christus se kruisiging] Om eers die heerlikheid van die HERE daar te aanskou. Want daar is God in sy grootste sigbaarheid aanwesig. Daar waar Hy ons kom verseker van sy opregte liefde vir ons.

“Dit beteken, Broers en Susters, om eers jou eie diepte te bely en om opgetrek te word in die hoogte.

“En dan, as dit gebeur? Sien ek dan vir God? Nee, dan beleef ek sy teenwoordigheid. Dan weet ek waar God is. By my, langs my, voor my en agter my: oral is God. Ook al sou ek my bed maak in die doderyk; ook dáár sal sy hand my lei.

“En in my lewe word God dan ook vir die wêreld sigbaar. Dan kan die wêreld ook in my lewe sien waar God is. Want Broers en Susters, God woon in die werke van die verootmoedigde mens. God se werk word in die verootmoedigde mens se lewe sigbaar. Daardie werke is soos ’n transpirant. Daardeur kan gesien word.

“So naby is Hy aan ons. Hierdie hoogte en diepte kan nie gemeet word nie, maar ervaar word. God kan nie gesien word nie, maar beleef word. En so word Hy sigbaar en tasbaar.

“Dit is wat die profeet verkondig.

“As jy soek om God te sien, moet jy op ’n besondere manier soek. Want hulle wat met kop in die lug loop en soek, hulle wat God in hulle hoogheid soek, sal Hom nie vind nie. Daarom kon Leonov Hom ook nie vind nie. En meen Göethe dat ons moet wag dat Hy weer te voorskyn tree.

“Die Psalmdigter het al gesê dat die goddelose mens, met sy neus in die lug, sê sonder om te soek:

daar is geen God nie. Sulke mense sal hul lewe lank soek, maar nie vind nie. Maar eendag sal hulle God wel in sy hoogheid ontmoet. In Exodus staan daar geskrywe: 'En in u grote hoogheid werp U diegene neer wat teen U opstaan. ... U het met u asem geblaas: die see het hulle oordek'. (Ex 15:7, 10) So oneindig naby was God al die tyd aan hulle. Met 'n teug van sy asem het Hy hulle uitgewis! Want hulle het verkeerd gesoek.

"Nee, God woon in die hoogtes van diepe verootmoediging. Hoe meer ek myself verootmoedig, hoe meer ek afsien van my eie soeke, hoe meer ek Hom leer ken wat gesê het: Ek is die Weg. Volg My; hoe 'n groter werklikheid sal God vir my word; hoe beter sal ek weet waar Hy is.

"Het u al probeer om God só te soek? Nie met die neus in die lug nie, of saam met Leonov in die ruimte nie. Nie met die neus in die lug nie, maar met die neus in jou eie hart. En dit is juis hierdie handeling wat vir die natuurlike mens so moeilik is. Dit is dikwels die laaste wat ons gewillig is om te doen, naamlik om te erken en te bely.

"Nee, met die neus in eie hart; in die binneste; in die warboel hier binne; deur belydenis; deur verootmoediging.

"Dáár is God te vind. Dit is waar ons Hom sal vind. Want Hy was reeds op soek na my.

"Amen."

Toevoeging: Jesaja 55 verse 8 tot 11

"Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur."

Gaan lees die Bybel en sien hoe God se profesie oor Jesus Christus, oor mense en volke vervul is; en hoe God se profesie oor die Eindtyd (soos onder andere opgeteken in Daniël en Openbaring) nou tot vervulling kom. Dan sal jy weet dat hierdie woorde waar is.